

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER:

A142/10

DATUM:

28 MEI 2010

5 In die saak tussen:

R L ADAMS

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

10

UITSPRAAK

THRING, R

15 In die streekhof is die appellant van een aanklag van
verkragting aangekla en, nadat hy daarop onskuldig gepleit
het, is hy deur die landdros skuldig bevind, soos aangekla, en
tot lewenslange gevangenisstraf gevonniss. Hy kom in hoër
beroep teen beide die skuldigbevinding en die vonnis.

20 Die klaagster in die saak is 'n dame wat op die datum van die
beweerde verkragting, 13 Desember 2006, 35 jaar oud was.
Toe sy getuig het was sy 36 jaar oud. By die verhoor het dit
geblyk dat sy van kinds af aan epileptiese aanvalle ly; haar
geestesvermoëns is nie soos wat dit behoort te wees nie. Ek
25 spreek dit so neutraal moontlik uit deur te sê dat sy
/ds /...

- ten minste tot 'n mate geestelik gestremd is. Sy het nooit skoolgegaan nie. Die vervolging se saak teen die appellant is egter byna uitsluitlik op haar getuienis gebou. Daar is wel mediese getuienis gelei wat die klaagster se getuienis tot 'n
- 5 mate bevestig dat sy wel verkrag is, maar hierdie getuienis, naamlik, van die beserings wat sy opgedoen het, is van geen waarde wanneer dit by die identiteit van die persoon wat haar sou verkrag het kom nie.
- 10 Op daardie aspek, wat deur die appellant heftig in geskil geplaas is, staan die getuienis van die klaagster alleen en onbevestig. Nieteenstaande die feit dat die aanklaer by die aanvang van die verhoor aan die Hof aangekondig het dat die klaagster "slightly mentally retarded" was het die landdros die
- 15 klaagster sonder meer soos 'n normale getuie laat insweer en getuig. Die landdros het versuim om enige ondersoek in te stel na die bevoegdheid van die klaagster om te getuig, en of sy die aard en uitwerking van die eed verstaan het, al dan nie.
- 20 In haar uitspraak waar sy die getuienis van die klaagster as die waarheid bo redelike twyfel aanvaar het, het die landdros die volgende gesê:

25 "The complainant presented as a 37 year old lady,
with a speech defect, not a mental defect, nothing

in her appearance and demeanour indicated a mental problem. When the oath was administered she indicated, that is by nodding, that she understood what the Court was saying. She speaks
5 very slowly, otherwise she took the oath without any problems, except for being slow."

Die landdros het ook gesê dat die klaagster die Hof as 'n eerlike persoon beïndruk het. Soos ek reeds gesê het dit is
10 duidelik dat die appellant hoofsaaklik op sterkte van die klaagster se getuienis skuldig bevind is.

Die staat het daarna egter ook die getuienis van 'n kliniese sielkundige gelei, mej. Susan Manson. Sy het die klaagster in
15 September 2007 klinies ondersoek en sekere toetse op haar uitgevoer. Sy het 'n verslag voorberei wat sy in haar getuienis beaam het, en wat as Bewysstuk "A" voor die Hof geplaas is. Sy het getuig dat sy die sogenaamde "Vineland Adaptive Behaviour Scales" op die klaagster toegepas het. In haar
20 verslag sê sy:

"The scales cover three areas, communication, daily living skills and socialisation. In the communication domain her score fell in the range of
25 severe intellectual disability (IQ range 20 to 25 to

35 to 40). In the daily living skills domain her score fell in the range of mild intellectual disability (IQ range 50 to 55 to approximately 70). In the socialisation domain her score fell in the range of moderate intellectual disability (IQ range 35 to 40 to 50 to 55). Her adaptive behaviour composite fell in the range of severe intellectual disability. Her age equivalents were, communication: four years eight months; daily living skills: nine years two months; and socialisation: six years three months."

Wat die klaagster se verstand van seksuele aangeleenthede betref het me Manson in haar verslag gesê:

"Corronique was given basic sex education by her mother. On interview she knew names for male and female genitals. She was not able to demonstrate understanding of what sexual intercourse is or its consequences. In my opinion because of her low level of functioning and her lack of understanding of sexual matters Corronique is not able to consent to sexual intercourse."

Onder die hoof "competence as a witness" het mej. Manson die volgende geskryf:

5 "Corronique was able to give a brief narrative
account of the alleged rape and answered simple
clarifying questions. She did not seem to grasp the
purpose and proceedings of a trial. She did
understand the difference between truth and
falsehood. She has some abilities which would
enable her to be a witness. However she indicated
at the end of the second interview that she did not
10 want to talk about the alleged rape in court. I felt
that this was due to her anxiety. This could
compromise her ability to act as a witness. If she
is given adequate court preparation and helped to
work through her resistance, and if she is able to
15 build rapport with the prosecutor prior to the trial
she may be competent to act as a witness."

Mej. Manson se gevolgtrekking was:

20 "Ms Corronique Daniels, aged 37, is a woman with
a history of epilepsy and lack of schooling who was
allegedly raped by Mr Robert Adams. On interview
she was found to be functioning in the range of
moderate intellectual disability with aspects of
25 adaptive functioning below this level. After

completing this assessment it is my opinion that
Corronique is not currently able to consent to
sexual intercourse. I feel that she will need
intensive court preparation and support in order to
5 become competent to act as a witness."

Nieteenstaande hierdie getuienis van mej. Manson het die
landdros egter geen poging aangewend om die klaagster terug
te roep sodat sy die nodige ondersoek na haar bevoegheid as
10 getuie kon bepaal nie. Sy het blykbaar ook hierdie vraag nie
oorweeg nie, of nie behoorlik oorweeg nie, en sy het geen
beslissing daaroor gemaak nie. Sy het net voortgegaan asof
die klaagster in alle opsigte 'n normale getuie was, behalwe dat
sy volgens die landdros aan "a speech defect not a mental
15 defect" gely het. Deur so op te tree het die landdros myns
insiens misgetas en onreëlmatig gehandel.

Artikel 194 van die Strafproseswet, No 51 van 1977 lui:

20 "Niemand wat skyn of bewys word te ly aan
geestesongesteldheid of aan verstandsvybystering
vanweë dronkenskap of verdowingsmiddels of iets
dergeliks, en wat daardeur van die behoorlike
gebruik van sy sinne beroof word, is bevoeg om
25 getuienis af te lê terwyl hy aldus aangetas of

onbekwaam is nie.”

Artikel 193 van die Wet bepaal:

5 “Die hof waarin strafregtelike verrigtinge voortgesit word, moet ’n vraag beslis betreffende die bevoegdheid of verpligbaarheid van ’n getuie om getuienis af te lê.”

10 Daar is nie aan die vereistes van hierdie laasgenoemde artikel in hierdie geval voldoen nie. Die gesagte op hierdie punt is duidelik. In S v Katoo 2005(1) SASV 522 (HHA) het Japhta, WnAR op 527j 0 528d (paragrafe [13] en [14]) die volgende gesê:

15

“[13] The trial Court had a duty properly to investigate the cause of her imbecility before concluding that she was incompetent. Section 193 enjoins a trial Court to enquire
20 into this issue and decide whether a witness is in fact incompetent. This may be done by way of an enquiry whereby medical evidence on the mental state of the witness is led or by allowing the witness to

testify so that the Court can observe him or her and form its own opinion on the witness's ability to testify. In the past courts in this country have permitted persons suffering from mental disorders as well as imbeciles to testify subject to their being competent to do so, see S v Thurston (*supra*); S v J 1989(1) SA 525 (A); R v K 1951(4) SA 49(O) and S v Malcolm 1999(1) SACR 49 (SE).

[14] That approach is in harmony with the presumption contained in s. 192 to the effect that every person is a competent witness. But the fact that someone is a competent witness does not mean that that person can be sworn as a witness. That raises a discrete issue, namely whether the witness understands the nature and import of the oath or affirmation, which must be dealt with under s. 164 (see S v B 2003(1) SACR 52 (SCA) (2003(1) SA 552)).

Sien ook, in hierdie verband, S v B, 2003(1) SASV 25(HHA) op 36a-e (para [15]), S v V, 1998(2) SASV 651(K) en S v Henderson, 1997(1) All SA 594(K).

Die staat se houding in hierdie appèl, soos in me Raphel se
hoofde van argument uiteengesit en ook deur haar in die hof
beaam, wat namens die staat verskyn, is dat die landdros se
5 benadering nie geregverdig kan word nie, dat die landdros die
klaagster soos 'n kind behoort te behandel het, en nie soos 'n
volwassene nie, en dat:

10 "It is submitted that the complainant had the mental
age of a child. The Court did not hold an enquiry to
ascertain if she was indeed a competent witness
and whether she understood what it meant to take
the oath. It is further submitted that, because of
the abovementioned facts, the evidence rendered
15 by the complainant is inadmissible."

Ek stem saam. Die Staat se houding is na my mening in die
omstandighede korrek, verantwoordelik en lofwaardig. Na my
oordeel moet die appèl gevolglik slaag. Dit beteken egter nie
20 dat die appellant nie weer vervolg mag word nie, want die
sukses van hierdie appèl berus uitsluitlik op 'n tegniese
onreëlmatigheid of gebrek by die prosedure: sien artikel 324(c)
van die Strafproseswet.

25 Om hierdie redes word die APPÈL GEHANDHAAF, en word die
/ds

/...

SKULDIGBEVINDING EN VONNIS VAN DIE APPELLANT TER
SYDE GESTEL. Daar word egter in terme van artikel 324(c)
van die Strafproseswet, No. 51 van 1977 beveel dat
geregtelike stappe ten opsigte van dieselfde misdryf weer
5 ingestel kan word asof die appellant nie voorheen
tereggestaan het, verhoor en skuldig bevind was nie.

10



THRING, R

15 Ek stem saam,

LAUBSCHER, WnR